

## Mat 16:13-20

Toe Jesus in die streke van Sesarea Fillipi **kom**, het Hy vir Sy dissipels gevra: “Wie, sê die mense, is **die Seun van die mens?**”

Hulle antwoord: Party sê *Johannes die Doper, party Elia, ander Jeremia of een van die profete.*

Maar julle, het Hy gevra, wie sê julle is Ek?  
Simon Petrus het geantwoord: U is die **Christus, die Seun van die Lewende God.**

Gelukkig is jy, Simon Barjona, het Jesus vir hom gesê, want dit is nie ‘n mens wat dit aan jou geopenbaar het nie, maar my Vader wat in die hemel is. En Ek sê vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal ek my kerk bou, en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie. Ek sal aan jou die sleutels van die koninkryk van die hemel gee, en wat jy op die aarde toesluit, sal in die hemel toegesluit bly, en wat jy op die aarde oopsluit, sal in die hemel oopgesluit bly.”

Toe het Jesus Sy dissipels beveel om vir niemand te sê dat Hy die Christus is nie.

## Mark 8:27-30

Daarna het Jesus en Sy dissipels na die dorpies naby Sesarea-Fillippi gegaan. **Langs die pad**, het hy vir die dissipels gevra: Wie sê die mense is **Ek?**

Hulle antwoord Hom: *Johannes die Doper, party sê weer Elia, en party van die profete.*

Maar julle, vra Hy, wie sê julle is Ek?  
Petrus antwoord Hom: **U is die Christus!**

----

Toe belet Hy hulle om dit vir iemand anders te vertel.

## Luk 9:18-21

Op ‘n keer terwyl Jesus eenkant **besig was om te bid**, het sSy dissipels by Hom saamgekom. Toe vra Hy hulle: Wie, sê die mense, is **Ek?**

Hulle antwoord: *Johannes die Doper, party sê weer Elia, en party: ‘n profete van die ou tyd het opgestaan.*

Maar julle, het Hy gevra: Wie sê julle is Ek?  
Toe antwoord Petrus: **Die Gesalfde van God.**

---

Jesus het hulle uitdruklik belet om dit vir ander mense te vertel, want het Hy gesê: Die Seun van die mens moet baie ly, deur die familiehoofde, priesters en Farriseers verwerp word, en Hy moet doodgemaak word, en op die derde dag opgewek word.”

Jesus gebore (6vC)  
Jesus sterf (27nC)

Ongeveer 40 jaar - mondelings oorgelewer

